Verwysing: 20210715-4396
Lêerno.: 12/2/2/P
Navrae: L Momberg

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs vir Besigheidstudies en Prinsipale van skole wat graad 10 tot 12 bied

Onderwerp: 2021 se Provinsiale Aanlyn Vasvra in Besigheidstudies vir Graad 12 leerders

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement nooi leerders uit om vir 2021 se Provinsiale Aanlyn Vasvra in Besigheidstudies vir Graad 12 in te skryf. Die vasvra sal in Engels sowel as Afrikaans gehou word op Saterdag, 14 Augustus 2021.

2. Die volgende inskrywingsvereistes is op die Provinsiale Aanlyn Vasvra in Besigheidstudies vir Graad 12 van toepassing:
   - Graad 12-leerders in Besigheidstudies.
   - Leerders moet 'n SOBIS-nommer hê.
   - Leerders moet 'n geldige e-posadres hê.
   - Leerders moet toegang tot 'n tafelrekenaar/skootrekenaar/tablet/slimfoon hê.
   - Leerders moet toegang tot internetdata hê.

3. Leerders wat deelneem, sal oor die inhoud van Graad 12 se Besigheidstudies, volgens 2021 se jaarlikse onderrigherstelplan, geassesseer word. Sien Bylae A vir die "Grade 12 Business Studies Quiz Resource Booklet" of Bylae B vir die "Graad 12 Vasvrahulpbronboekie vir Besigheidstudies".

4. Gebruik die skakels hieronder vir digitale toegang tot die inhoud:

Inhoud	Skakel
"Grade 12 Business Studies Quiz Resource Booklet"	https://wcedeportal.co.za/eresource/202636
"Graad 12 Vasvraehulpbronboekie vir Besigheidstudies"	https://wcedeportal.co.za/eresource/202641

5. Registrasie om aan die vasvra deel te neem, moet deur die Googlevorm se skakel hieronder voor of op **Vrydag, 30 Julie 2021** gedoen word**.** Skakel: https://forms.gle/q1voCwuJFri4C5qy7.

6. Hierdie vasvrakompetisie sal in **SES** rondes plaasvind, soos hieronder aangedui:

Ronde	Hoofonderwerpe	Getal vrae	Deelnemers
1	Besigheidsomgewings	30	Alle leerders
2	Besigheidsgeleenthede	30	Alle leerders
3	Besigheidsrolle	30	Alle leerders
4	Besigheidsbedrywighede	30	Alle leerders
5	Besigheidsomgewings en Besigheidsbedrywighede	50	100 leerders met die hoogste punte in Rondes 1-4
6	Besigheidsgeleenthede en Besigheidsrolle	50	100 leerders met die hoogste punte in Rondes 1-4

7. Navrae oor die vasvra kompetisie moet aan die distriksvakadviseurs vir Besigheidstudies of die senior kurrikulumbeplanner vir Besigheidstudies by Hoofkantoor gerig word.

8. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle Graad 12 Besigheidstudiesonderwysers en -leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-07-26